



**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 12**

**12 Maart 2023**

**Was Jesus bang? (1)**

**“Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weg geneem. Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenis in die triomftog van Jesus mee te voer.”**

**Kol 2:14-15**

**Dinge wat ongesê gelaat word, kan ‘n kragtige indruk maak. Jesus het Pilatus, Herodus en die Joodse leiers verstom deur te swyg. Die rede waarom Hy niks gesê het nie, was omdat Hy nie bang was nie. Hy het nie om genade – of selfs vir regverdigheid – gesmeek nie. Vals getuies kon Hom nie dwing om vir regverdige behandeling te pleit nie. Hy was die Woord. Hy was nie van plan om te uiter wat hulle wou hê Hy moes sê nie en sou ook nie met hulle stry nie.**

**Jesus kon nie geïntimideer word nie**

**Pilatus het vir Jesus gevra of Hy ‘n koning is. Jesus het eenvoudig geantwoord: “Dit is soos u sê” (Matt 27:11). Geen uitgebreide, selfregverdigende verduideliking nie. Rome kon Hom nie intimideer nie. Sy vyande, gewapen met kortstondige gesag het die grootste figuur in hulle greep gehad – of so het hulle gedink – maar hulle was niks meer as die duiwel se marionette nie. Christus het van die begin af geweet dat Hy gemartel en bespot gaan word; dat Hy ‘n verminkende dood aan die kruis gaan sterf. Sy einddoel was egter ook dat Hy ‘n wêreldveranderende terugkeer uit die sfeer van kosmiese konflik sou maak nadat Hy die dood oorwin het.**

**By die laaste Paasmaal het Jesus die dissipels geskok deur Sy stelling dat een van hulle Hom sou verraaï. Hulle was ontsteld en het gevra wie so ‘n verraaier kon wees. Jesus het die een geïdentifiseer deur ‘n stukkie brood in die sous te doop en dit vir hom aan te bied en te sê: “Wat jy wil doen, moet jy baie gou doen!” (Joh 13:27). Nie een van die dissipels het geweet wat Judas op pad was om te gaan doen nie, maar Jesus het. Die verraaier sou in die nag uitgaan en met die priesters saamsweer om Jesus te laat arresteer. Jesus het eintlik die teken gegee vir Sy eie inhegtenisname. Hy het nie teruggedeins voor Sy vyande nie. Hy was in beheer van die situasie. – Reinhard Bonnke**

**Dankie!**

- Vir die voorbeeld van Jesus Christus toe Hy as mens op die aarde gewandel het!**
- Dat God ons nie ‘n gees van vrees gegee het nie, maar van liefde, krag en selfbeheersing!**
- Dat God se volmaakte liefde vrees uitdryf!**

## **Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug in skole en studente – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom krisis..

## **Gebedsversoeke**

- |                          |                     |
|--------------------------|---------------------|
| • Lottie Conradie        | Lola Vijoën         |
| • Maria Steyn            | Ria Putter          |
| • Oom Sampie Swart       | Jeanette Mostert    |
| • Jaco Steenkamp         | Louis Strauss       |
| • Tannie Marinda Jordaan | Heleen J van Vuuren |
| • Ina van der Merwe      | Stefaans du Plessis |
| • Annika Killian         | Petro Schneider     |
| • Oom Eberhard Carshagen | Marius van Niekerk  |
| • Arno Claasen           | Cedric Wiegand      |

## **Gedagte vir die week**

**Lyding was deel van Jesus se triomf wat vir ons ewige redding gebring het.**

Gebedsversoeke:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor  
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: [ngvaalpark.org](http://ngvaalpark.org)